Heilbron
# Herald
*If it is not in the Heilbron Herald, it is only a rumour.*
WEEK 46 Deel 110
VRYDAG - 22 NOVEMBER 2019
www.heilbronherald.co.za
R5-00 (BTW ingesluit)

# Springbok-legendes besoek Heilbron

Jacobus Petrus du Randt en Allen Erasmus Drotské, beter bekend as Os du Randt en Naka Drotské, het 'n blitsbesoek in Heilbron kom aflê.

Os is 'n voormalige loskopstut wat as die voorspeler van die Bokke, geskiedenis gemaak het. Hy het die grootste deel van sy loopbaan in die Curriebeker vir die Vrystaat Cheethas gespeel, hoewel hy een seisoen saam met die Blou Bulle deurgebring het. Os het sy bynaam te danke aan sy groot, gespierde bou. Naka het as haker gespeel in die Curriebeker vir die Blou Bulle en die Vrystaat Cheethas. Hy was ook saam met Os lid van die 1995 Rugby Wêreldbekerwenspan. Naka en Os het 'n nuwe produk aan Heilbronners by OK Grocer kom bekendstel op 15 November 2019: bOSs Energy – 'n nuwe energie-sakkie. Behalwe vir die duidelike advertensiemateriaal kon jy die twee groot manne nie miskyk nie. Os koppel met trots sy bynaam aan dié nuwe energie-reeks. Dit is beskikbaar in vier geure: Brutal Berry, Passion Fruit, Mello Jello en Energy Extreme. Hierdie produk is beskikbaar by alle supermarkte, insluitend Heilbron OK.



*Op die foto vl: Stefan Visser van OK Grocer, Os du Randt en Naka Drotské.*

# Hondsdolheid inentings

Talle Heilbronners besoek die gratis inentingspunte nadat 7 hondsdolheid gevalle aangemeld is. Inentings was gehou op 19-21 November 2019 deur die departement van veeartseny.

Hondsdolheid, ook bekend as *rabies*, is 'n virussiekte wat die brein by mense en ander soogdiere aantas. Dit word versprei wanneer 'n besmette dier 'n ander dier of mens krap of byt. Besmette speeksel kan ook hondsdolheid oordra as dit in aanraking kom met die oë, mond of neus.

Vroeë simptome kan koors en tinteling insluit op die plek van blootstelling. Hierdie simptome word gevolg deur een of meer van die volgende simptome: onwillekeurige bewegings, onbeheerde opgewondenheid, vrees vir water, 'n onvermoë om liggaamsdele te beweeg, verwarring en bewussynsverlies. Sodra simptome verskyn, is die uiteinde byna altyd die dood binne 2-10 dae. Die inkubasie tydperk wissel van een tot drie maande, maar dit kan ook wissel van minder as een week tot meer as een jaar. Die tyd hang af van die afstand wat die virus langs periferiese senuwees moet beweeg om die sentrale senuweestelsel te bereik. Hondsdolheid word veroorsaak deur die Lyssavirus, die hondsdolheidvirus.

Wêreldwyd is honde die mees algemene dier hierdeur geraak, maar is ook algemeen in jakkalse, meerkatte, hiënas en vlermuise.

Maniere om hondsdolheid te voorkom sluit in:

- Inentings vir honde en katte.
- Troeteldiere onder observasie hou.
- Wees versigtig om wilde- en hawelose diere te hanteer.
- Indien jy deur 'n dier gebyt word, was die wond vir 10 tot 15 minute met seep en water en kontak 'n gesondheidsorgverskaffer om te bepaal of Profylaxe na blootstelling nodig is.

Alle honde en katte moet ingeënt word teen hondsdolheid, deur 'n Veearts of gemagtigde persoon, op die ouderdom van 3 maande. Dit word gevolg deur 'n skraagdosis binne 12 maande, ten minste 30 dae na die eerste inenting en daarna elke 3 jaar. Dit is raadsaam om jou diere jaarliks in te ent as voorsorg aangesien daar elke jaar 24 000 tot 60 000 sterftes ter wêreld is. Meer as 95% van die sterftes onder mense, kom in Afika en Asië voor.



*Op die foto: Ds Braam van Zyl met sy hond oppad vir 'n inenting.*



*'n Tydelike stasie is by die stadsaal op Heilbron gemaak waar inwoners hulle diere kon laat inent teen hondsdolheid. Ignatuis Britz op die foto is besig om een van die inwoners se honde te spuit. Ander personeel op die foto is vl: Nicolene Armoed, Gretha Serfontein en Henry Hattingh.*

FRANKFORT VEILING
FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
Elke Donderdag
te Royal Auction Centre

Vir kraalbesprekings en inskrywings, skakel:
Piet Boshoff, Sel: 083 210 7135
BKB Louwid Noord:
"Waar sake ELKE keer die EERSTE keer REG gedoen word!"
AFSLAERS: Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: 058 813 1071 Faks: 058 813 2317
E-pos: frankfort@bkblouwid.co.za
Reg. No. 2005/026173/07
NAVRAE:
Piet Boshoff 083 210 7135
www.bkb.co.za

# Beheerde kontrolepunte sal help om siektes soos bek-en-klou én veediefstal te voorkom, sê VL en RPO

• *Vrystaat Landbou en Vrystaat Rooivleisprodusente-Organisasie*

Die instelling van kompartemente en beheerde kontrolepunte om die uitbreek van dieresiektes in die Vrystaat te voorkom. Dit is volgens Tommie Esterhuyse, Vise-president van Vrystaat Landbou (VL), van die voorstelle wat sy organisasie sterk steun nadat bek-en-klouseer wéér in Limpopo uitgebreek het.

Volgens hom sal dit nie net die provinsie teen siektes soos bek-en-klou beskerm nie, maar ook help om veediefstal, veral die vervoer van vee na veilingskrale buite die provinsie, te voorkom. "Dit sal egter vereis dat vervoerpermitte en die uitreik daarvan, byvoorbeeld waar diere oor internasionale en provinsiale grense beweeg, baie strenger afgedwing en deur die Suid-Afrikaanse Polisiediens toegepas moet word."

Esterhuyse sê VL en die Vrystaatse Rooivleisprodusente-Organisasie (RPO) spreek hul ernstige kommer uit oor die jongste uitbreking van bek-en-klouseer. Dit is die tweede keer vanjaar wat die siekte in Limpopo uitbreek en dit het daartoe gelei dat 'n verbod op alle veilings van lewende hawe in Limpopo, Mpumalanga, Gauteng en Noordwes op 14 November 2019 deur die Departement van Landbou, Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling geplaas is.

'n Voorstel oor die hantering van bek-en-klou was die instelling van kompartemente. Esterhuyse sê dit is deur VL aan die provinsiale RPO oorgedra, wat dit aan sy nasionale liggaam en verskillende dieregesondheidsforums sal oordra.


"Dit word op die tafel van die president gelê dat, as hy ernstig is oor beleggings, in die land, hierdie soort probleem as 'n saak van dringendheid aangespreek behoort te word," sê Esterhuyse. "Die regering is verantwoordelik vir die beheer van siektes en slegs doeltreffende en doelgerigte optrede kan die landbou, wat deel van die ruggraat van die ekonomie uitmaak, versterk en bydra tot werksgeleenthede."

VL, die Vrystaatse RPO en Nasionale Wolkwekersvereniging het op 7 November 2019 'n vergadering gehou waar verskeie aspekte, soos siektebeheer en sake van gemeenskaplike belang, bespreek is. Volgens Esterhuyse was die samewerking tussen die organisasies, wat rolverdeling en verantwoordelikhede insluit, op die agenda. Die doel was ook om duplisering van take uit te skakel.

Esterhuyse sê die Vrystaat word in baie kringe as die broodmandjie van die land beskou en die uitbreking van bek-en-klou kan daartoe lei dat produsente weereens aan die kortste ent trek. "Die deurlopende aanslae van hierdie aard, saam met politieke onsekerheid én die grondkwessie, dra geensins by tot die kweking van gunstige toestande vir voedselproduksie in die landbousektor nie. Om die waarheid te sê, dit hou wesenlike nadelige gevolge in vir voedselsekerheid."

Volgens hom dra die droogte en uitbreking van sulke soort siektes boonop by tot verdere werksverliese.

Vir medianavrae, kontak Francois Wilken, President van VL, by 083 390 1831, Tommie Esterhuyse, Vise-president van VL, by 082 782 0668 of Adv. Gielie Nieuwoudt, Voorsitter van die Vrystaatse RPO, by 082 786 2894.




Die Herald se fabriek sluit die 13de Desember 2019.
Bring asseblief u drukwerk vroegtydig om teleurstelling te voorkom.
Fabriek open DV 8 Januarie 2020.

Die winkel sluit die 19de Desember 2019 en open die 6de Januarie 2020.

Ons Kerskoerant is die 13de Desember 2019.






# A Heady Dose of Joy:

## *The Free State Madeira Flower Festival*

Is there anything dreamier than being surrounded by thousands and thousands of flowers? Just imagine all those heavenly bursts of colours and scents. Except it's better than a dream. It's the annual Free State Madeira Flower Festival and it's tumbling onto the streets of Parys in all its glorious magnificence later this month.

A joint venture between the Free State government and the Autonomous State of Madeira and hosted by The Free State Gambling, Liquor and Tourism Authority, the Free State Madeira Flower Festival transforms the quaint little town of Parys into a dazzling wonderland, complete with a kilometre-long procession of floral floats, dancers, performers, and larger-than-life puppets.

Created with over 200,000 flowers from local flower farmers, the Big 5 Route inspired floral floats are designed by Madeiran master floriculturist João Egídio. Celebrated for his Madeira Flower Festival creations, Egídio uses his time in South Africa to mentor local up-and-coming flower arrangers in the art of designing floral pieces on a grand scale.

And while these grand floral designs are always the stars of the show, there is still plenty more to delight festival goers. Among last year's most loved and talked about favourites were the flower carpets portraying Tata Nelson Mandela and Mama Albertina Sisulu as part of the centenary celebrations.

Flowers upon flowers, beauty, creativity, music, art, theatre, dance, workshops, exhibitions, and loads of family-friendly entertainment, this two-day exhibition is a feast of joy in every sense.

Now in its fourth year, the Free State Madeira Flower Festival has become a highly anticipated event on the South African calendar, attracting more than 40 000 visitors, and boosting the local economy.

The local flower industry is also blooming. The strategic partnership between the Free State and Madeira governments has provided South Africa with a critical advantage.

The Free State Department of Agriculture has also assisted 5 SMMEs in the floriculture sector. These SMMEs are now farming their own flowers and are already thriving, supplying local retailers with the goal of expanding to export internationally.

**This year, the Free State Madeira Flower Festival takes place 28 November to 1 December in Parys, and entrance is free. Lisa SK - 076 431 3275**

# Tannie Heléne word 90



*Heléne Howell, of "Tannie Nienie" soos sy onder haar familie bekend staan, het op 9 November 2019 haar 90ste verjaarsdag gevier. Tannie Heléne is 'n oud-Petrus Steyner, maar is nou deel van die Heilbron gemeenskap en almal ken haar as die tannie met die rooi Volla. Sy is woonagtig in Huis Bron-van-Heil en het haar verjaarsdag saam met haar vriende en familie gevier. Mike Mouton is tannie Heléne se susterskind. Op die foto is Mike en Mariaan Mouton saam met hulle Tannie Nienie (Heléne Howell).*


# Heilbron Dienssentrum-nuus

## Donateurstee

Op 19 November het Heilbron Dienssentrum hulle Donateurstee gehou, wat 'n jaarlikse instelling is om aan die vriende van die dienssentrum dankie te sê. Dinsdag gaan die span fliek. Die Dinsdag daarna hou hulle 'n Kersete en die dienssentrum se afsluiting vir die jaar.


Donateurs vir Heilbron Dienssentrum is: Juanita Schutte, Hendra en Albie Schoeman, Braam van Zyl, Joey Watson (oom Tom het verskoning gemaak), Nonna Roos, Terry en Antoinette Cunningham, Magdaleen van Rensburg en Dawid Meades.















# VREEMDE VRIENDE



Dit is altyd interessant hoedat 'n dag wat eintlik goed beplan is, heeltemal die teenoorgestelde uitdraai, sonder dat jy kan keer.

Ek ry in my karretjie en daar gaan 'n liggie aan. Ek skrik my boeglam, want ek het nie geweet dat daar enigsins so 'n liggie op die paneelbord is nie. Ek stop dadelik en ruk die boekie uit. *O, gonna*, enjinprobleme.

Ek bel die garage om te hoor of dié liggie regtig saakmaak.

"Mevrou, alle ligte is waarskuwingsligte."

Ek moes seker die antwoord verwag het. Pleks om my te vererg, bars ek uit van die lag.

"Askies, meneer, ek weer net van opvoedkunde en koekbak."

Hy lag maar saam met my, seker om ons altwee beter te laat voel. Ek maak 'n afspraak om my getroue wit karretjie die volgende dag na die garage te neem. Dalk moet ek net byvoeg dat my ou wit karretjie 'n intree-vlakkarretjie is – my getroue werkslaaf is lig op brandstof en woerts sommer in 'n parkeerplek in. My gryse ou vader het gesê dat my ou karretjie op 'n tiekie kon draai.

En ja, my ou karretjie was alles en nog meer.

Iedergeval – ek maak 'n afspraak om wit karretjie die volgende dag na die enjindokter te neem.

Vroegoggend trek ek aan, verf die gesiggie, voer die honde en ek gryp my handsak. Gelukkig is die *garage* naby aan my werksplek.

Ek sluit alles toe (dis mos Gauteng) en sit die alarmstelsel aan (het ek al gesê dis mos Gauteng?). Ek spring in my wit karretjie en sluit dit aan.

G'n niks. *Bôggerall*. Geen reaksie nie.

Ek bel my man: hy sal my kom haal en werk toe vat. Toe hy by die huis aankom, sê hy dat ons vir wit karretjie sommer insleep *garage* toe.

Die kabel breek drie keer. En my moed ook.

Ek onthou dat my versekeringspolis *road side assist* het. Ek bel die versekering en 'n vriendelike stem help my.

Halfpad bars ek in trane uit, want ek is sommer tot in my tone in *omge-ellie*. Die vriendelike man, Onella, praat my moed in en binne sekondes kry ek my sms dat die insleepdiens oppad is.

Ek gaan sit op die grond en huil my hart uit. Ek kry vier smsse van Onella af: die insleepdiens is gekontak, die insleepdiens is oppad, die insleepdiens is amper daar en die insleepdiens het gearriveer.

'n Aangename man spring uit sy vragmotor en groet my vriendelik. Sy naam is Victor. Hy druk hefboompies hier en daar en in 'n japtrap is my wit karretjie op die vragmotor. Ek vra vir Victor of ek maar kan saamry?

Victor kyk my snaaks aan en begin lag.

"Natuurlik!"

Ek klim in die vragmotor en ek kry 'n warm gevoel in my: ek is mal oor vragmotorbestuur. Ek was 'n paar jaar gelede die enigste vrou by die skool met 'n swaarvoertuiglisensie en om hierdie voertuie te bestuur was vir my hemels. Ander mense kry lekker deur dwelms te snuif, ek wou 'n *lorrie* ry.

Victor ry baie versigtig en sit nogal die radio harder toe iemand begin preek darem in Engels. Die pastoor sê jy moenie jouself so sleg maak soos wat ander mense doen of soos wat jy self dink jy is nie.

Ek bars sommer weer in trane uit.

By die enjindokter neem hulle my wit karretjie met ope arms in ontvangs. Victor wens my die lekkerste dag ooit toe. Ek voltooi sy papierwerk en die *garage* se papierwerk.

Die *garage* gaan laai my by die werk af. Ek kon soontoe loop, maar ek is nou alreeds twee ure laat. Ek kry 'n geleentheid met die *garage* se bussie.

Thapelo sluit die bussie oop en wag totdat ek inklim. Hy sorg dat ek my veiligheidsgordel aanhet voordat hy die bussie aansluit. Hy trek versigtig weg en ek wonder hoe ek sò goedgelowig geraak het.

Dalk was dit die enigste uitweg: om iemand blindelings te vertrou.

Ek gee vir Thapelo aanwysings tot by my werk. Ek sê dat hy sommer in die pad kan stop, ek sal die laaste stukkie stap.

Hy kyk my aan asof ek iets vreesliks voorgestel het.

"Nee, *too dangerous*. Where is the main entrance?"

Ek wys vir Thapelo. Dit is dat tóé hy my vertel wat sy naam is. Thapelo beteken "gebid voor". Ek vra vir hom of hy Sesotho is? Hy lag wyebek - ja, hy is.

Ek slaan oor in Sotho, bedank hom vir sy moeite en wens hom 'n vredevolle dag toe. Hy lag en waai vir my toe hy my aflaai.

Die volgende dilemma is hoe om by die huis te kom? Kom ek wees avontuurlustig, dink ek. Ek gaan Uber.

Ek laai die toepassing op my slimfoon af en tien minute daarna arriveer my kar voor die voordeur van ons kantoor. 'n Netjiese silwer Toyota. Twee kollegas se monde hang oop.

"Uber jy?"

"Jip. Ek is hip!"

My Uber sien iemand in die parkeerterrein wie hy ken. Hy draai die venster af en groet sommer so in die ry. My bestuurder en die persoon wie hy groet is bure. Ek en die persoon wie hy groet, is kollegas.

Ek vra na sy naam, hy is Sizwe. Sizwe vertel my, vir 8,5 km lank, hoe hy 'n Uber-bestuurder geword het en dat hy 'n lewe hieruit maak. Hy vertel hoe sy selfoontoepassing werk, waar hy woon en hoe hy eintlik niks van verkeer hou nie.

Ons ry in 'n bui reën huis toe. Hy vra waar hy my moet aflaai en ek wys na 'n parkeerplek so 100 meter van die huis af. Gerieflik vir hom, uit die pad, maar 'n entjie huis toe.

*"No, no, no, I want to drop you in front of your house. It is too dangerous."* Sizwe laai my veilig af. Toe ek in die huis kom, dink ek: vandag het ek drie nuwe vreemde vriende gemaak – mense wat my dag effens beter gemaak het, al was die dag nie soos wat ek die beplan het nie.

Victor, Thapelo en Sizwe: Julle is my *hero's* vir vandag.

# KERKNUUS

**NG MOEDERGEMEENTE**
**Sondag:** 09:30 Gesamentlike Erediens (Moeder)
Sin Kol: Bedieningsfonds
Blok 5

**NG SUID**
**Sondag:** 09:30 Gesamentlike Erediens (Moeder)
18:30 Gesamentlike Kerssangdiens (Suid)

**GEREFORMEERDE KERK**
**Sondae:** 09:30 Erediens
Diensbeurte: Wyk 2 en 3

**NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK**
H/v Stoffelnel- en Nicolstrate
**Sondag:** 10:30 Erediens / Kategese 10:00
Kontak Ds L.M. Prinsloo 083 943 4561

**AGS, PLEINSTRAAT 72**
**Sondag:** 10:00 Erediens
**Woensdag** Biduur: 18:30, **Vrydag:** 19:00 - Jeug
Kontak: Past. L.B. Deysel. Tel: 058 853 1016

**CHRISTUS GEMEENTE**
(H/v Right- en Gilbertstraat) - **Sondag:** 09:30 Erediens

**AP-KERK**
Tweedestraat, Vegkop-uitbreiding
**Sondag:** 10:00 Erediens (Heilbron)
VBO Afsluiting en Dankoffer
19:00 Kerssangaand Groep 1

**METHODIST CHURCH**
**Sunday**: Worship service 09:30 each Sunday.
Almal welkom / All welcome.
Contact Pastor Chris Schutte 082 319 7820 or 071 410 6238.

**GEREFORMEERDE KERK PHIRITONA**
**Sondag** 10:00 Erediens - Kontak M.P. Malindi 078 054 2862

**EBENHAESER BAPTISTE GEMEENTE**
Eredienste op Heilbron elke 2de en 4de Sondag van die maand in die Methodiste Kerk op Heilbron om 12:00.

**EVANGELIES GEREFORMEERDE KERK FRANKFORT (MARKSTRAAT 20)**
**Sondag:** 10:00 Erediens / 18:00 Aanddiens
**Woensdag** Biduur: 18:00
**Navrae:** Ds Pieter van Wyk Tel: 083 594 3078 of 058 813 2424

**AGS PETRUS STEYN**
**Sondag:** 10:30 Erediens
Pastoor Nico Theron Sel: 082 880 6477
**Woensdag** Biduur: 18:00

**PENTECOSTAL CENTRE**
(Assemblies of God, Sandersville)
**Sondag:** 10:00 Heiligmakingsdiens - 17:00 Evangeliediens
**Maandag:** 18:30 Jeug / **Dinsdag:** 18:00 Gemeentebiduur
**Woensdag:** Huissel / **Donderdag:** 18:00 Sustersbidaand
**Vrydag:** 18:00 Jeugaand / **Saterdag:** 15:00 Worship Team oefen.
Enige gebedsversoeke skakel 058 852 2190
Navrae: Pastoor B. Bentosha 058 852 2190

**AGS KERK SANDERSVILLE**
**Sondag:** 10:00 Oggenddiens. **Maandag:** 06:00 Huissel,
**Woensdag** Biduur: 06:00. Kontak: P. van Staden

**CANAAN APOSTOLIC FAITH MISSION SANDERSVILLE**
**Sondag:** Heiligmaking om 10:30
**Dinsdag:** 17:00 Jeugdienste & Oefeninge
**Woensdag:** 17:00 Gemeentediens & Biduur
Vir meer inligting kontak Pastoor Joey Pienaar 082 673 2321 of Evangelis Frans Lottering 078 402 2000.

**AFRIKAANSE BAPTISTE KERK FRANKFORT**
**Sondagskool** 09:00 / **Oggenddiens:** 10:00
**Dinsdag:** 10:00 Biduur / **Donderdag:** 10:00 Bybelstudie
Navrae: JC Smith 063 247 4774

**DIE MESSIAANSE GELOOF/MESSIANIC BELIEF**
Sien ons webblaaie: www.isr.messianic.org en www.GNmagazine.org/booklets / Sabbatbyeenkomste vir huisgemeentes en selgroepe. Navrae: Bel/SMS 079 833 3283
(He who believes shall obey, for by his obedience he proves that he believes).

Heilbron Herald

# GEMEENSKAPSNUUS

## Op en Wakker Dienssentrum
vir Bejaardes Reitz

*Program vir week*

**Maandag**
09:00 Kooroefening
**Dinsdag**
09:00 Bloeddrukke
**Woensdag**
09:00 Dorp toe
10:00 Voetsorg
**Donderdag**
10:00 Sosiale program
**Vrydag**
09:00 Bybelstudie
**Kontakpersoon**
**Petro Pretorius**
**082 325 1322**

## Heilbron Dienssentrum

*Breëstraat 57, Heilbron • Tel: 072 220 7272*

Bestuurder: S. Meades

**PROGRAM**

**MAANDAE:**
08:45 - Gimtrim
**DINSDAE:**
09:30 - Bloeddrukke word geneem.
10:00 - Ledeprogram (Elke week iets anders)
**WOENSDAE:**
10:00 - Speletjies, Jukskei, ensovoorts. (Elke week iets anders).
**DONDERDAE:**
17:00 Kooroefening
***Geen byeenkomste tydens skoolvakansies***



## RIEMLAND MUSEUM TYE

**VRYDAE 09:00 - 13:00**

Vir enige navrae kontak
Quarta Pretorius 082 821 2410 of
Magdaleen van Rensburg
076 646 8576

## DIE RUS INGEGAAN

† Flip Spies is oorlede in die ouderdom van 77. Die troosdiens het plaasgevind op 21 November by Heilbron Suid-Kerk. Die diens is waargeneem deur Ds Tiaan Victor. Hy laat sy eggenote, kinders, kleinkinders, familie en vriende na.



# GEKLASSIFISEERD *Smalls*

Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron
Tel: (058) 852 3033/4/5 • Faks: (058) 853 0140
www.heilbronherald.co.za

E-POS ADRESSE

- **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
- **John Watson** john@heilbron.co.za
- **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
- **Celéste** herald@heilbron.co.za (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes ens.)
- **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes ens.)
- **Delareyz** finance@heilbron.co.za (Rekenings, state ens.)
- **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za (Bestellings ens.)
- **Jeanne** heraldgraphics2@heilbron.co.za (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- **Silma** heraldnuus@heilbron.co.za (Koerant, advertensies)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort en Reitz.**

***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

## WEERVOORSPELLING

| | | |
|---|---|---|
| Vr 22 Nov. | 16 / 29 | 61% kans vir laatmiddag buie |
| Sa 23 Nov. | 16 / 28 | 60% kans vir donderbuie |
| So 24 Nov. | 18 / 32 | Sonnig, warm |
| Ma 25 Nov. | 15 / 29 | Sonnig, warm |
| Di 26 Nov. | 17 / 27 | Sonnig, warm |
| Wo 27 Nov. | 18 / 30 | Gedeeltelik bewolk |
| Do 28 Nov. | 18 / 30 | Gedeeltelik bewolk |
| Vr 29 Nov. | 18 / 29 | 52% kans vir donderbuie |
| Sa 30 Nov. | 15 / 25 | 83% kans vir donderbuie |
| So 1 Des. | 14 / 27 | Sonnig, warm |
| Ma 2 Des. | 14 / 27 | Sonnig, warm |

# TE KOOP

### TE KOOP / GEVRA

Baba eetstoeltjie
Op soek na baba eetstoeltjie om te koop.
**Kontak Carien 058 8523 033/4/5 (k/u)**
G

### BAAL / SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of weiveld. Petrus Steyn, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158**
**Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**

### HOU HEILBRON SKOON

## ROLSTOEL-PROJEK

Kom help ons om "bread tags" in te samel, vir elke 350 kg word 5 rolstoele geskenk aan behoeftiges. Daar is 'n houer in Herald Office National winkel. As almal saamwerk word dié 350kg gou-gou ingesamel.

## TE KOOP

Baie ruim woonhuis op dubbelerf in Vegkop uitbreiding.
Sitkamer, eetkamer, TV-kamer, 3 slaapkamers, 2 badkamers, gastetoilet, studeerkamer, kombuis, spens, opwas, waskamer, gereedskapstoor, dubbel motorhuis, dubbelafdak, onderdak stoep, boorgat, groot tuin. R875 000.
**Skakel 082 444 6383**
SKB

# DIENSTE

## MIRACLE RING WITH ONE SPECIAL PRAYER

Here is spiritual strong woman healer experience for the lost of life plus misfortunes.
Miraculously I met
**Mama Kato**
recently and she relieved me off the discreet life ever with her strong holding Duas (prayers) of fortunes.
I am now a happy woman with good living life status.
She helps with financial problems, love spells, weak erection, HIV/AIDS booster and removes bad luck.
For more information call or whatsapp her on 060 612 7940.

## BLOEDSKENK HEILBRON
### PLEK: N.G KERKSAAL (SUID) 26 NOVEMBER




Kom skenk bloed. SANBS doen 'n beroep op elke Heilbronner om bloed te skenk. Bloed voorraad is huidiglik baie laag. Kom skenk bloed by NG Kerk Suid-saal tussen 13:00 en 18:30 om saam 'n mikpunt van 80 eenhede bloed te bereik.

GiG Technologies
Kerk Str. 44 Heilbron
Fast, Reliable Wireless Internet Now Available!!
From R299.00 p/m

## PROF ABBEY
*Specialist in the following*

- Marriage spells
- Financial problems
- Promotion at work
- Pregnancy problems
- Magic ring and wallet
- Bring back lost lover & bind your lover
- Court cases

**Book an appointment before you come. Call or WhatsApp 071 087 8360**

## NG KERK SUID HEILBRON

Gesamentlike Kerssangdiens
24 November
om 18:30

# TE HUUR

## MEENTHUIS TE HUUR

2 Slaapkamer meenthuis te huur.
Beskikbaar vanaf 1 Desember 2019.
**Skakel 082 420 7730**
K




## HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense. Sluit in volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Bespreek by Hannalie Claassen 079 040 0531**
G

Raak deel van ons lekker-lees gemeenskapskoerant en stuur vir ons jou foto's van mylpale wat bereik is, asook ander aktiwiteite. Ons plaas dit graag.

Vir enige nuus wat jy graag met die lesers wil deel, skakel Silma kantoorure by 058 852 3033.

# EIENDOMME

## VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME

Vir die beste transaksies en diens

**Elsstr. 47 HEILBRON**
**Tel: 058 852 2041**
**Petro Meintjes - 083 308 9159**

*Die laaste uitgawe van die Heilbron Herald vir 2019 is op Vrydag 13 Desember en die eerste uitgawe van die Heilbron Herald vir 2020 verskyn DV Vrydag 10 Januarie 2020.*

## VLEISSENTRAAL

Elke Woensdag
Royal Auction Centre
FRANKFORT

*Koopkrag gewaarborg*

Kontak ons bemarkers

**P.J. MÜLLER**
060 966 9340
Bestuurder & Bemarker



**CORJAN DE JAGER**
079 506 8777
Frankfort
Cornelia
Roadside



**FANIE VAN DER MERWE**
082 494 3127
Frankfort
Cornelia
Oranjeville



**DAVID GERBER**
082 489 7424
Reitz
Tweeling
Petrus Steyn



**GERHARD HARTMAN**
082 550 2054
Villiers
Grootvlei



**HUGO GROENEWALD**
082 569 7205
Koppies
Edenville
Heilbron
Oranjeville



**IAN GROBBELAAR**
060 965 6207
Afslaer



**AANDAG Indien u enige REGS-ADVERTENSIE of ANDER ADVERTENSIE per epos of faks stuur, maak asseblief seker dat u 'n ONTVANGS-ERKENNING kry om enige probleme vroegtydig uit die weg te ruim.**

# Kleuterkasteel hou see-konsert









*Op die foto's bo is van die kleuters van Kleuterkasteel Heilbron tydens hulle see-konsert op 9 November 2019. Foto erkenning: André Pretorius Fotografie.*

# Kersfees "Hamper"

Kleuterkasteel het hierdie jaar 'n Kersfees "Hamper" uitgeloot teen R20 per kaartjie. Die gelukkige wenner, kry 'n pakkie met iets van als in, ter viering van die Feesseisoen. Die "hamper", ter waarde van ±R3 000, sluit in: 'n Skaap opgesaag en verpak, heel hoender, sosaties, roerbraai, beesvleis *roast*, maalvleis, wors, koopbewys vir kruideniers, beskuit, koekies, lekkers, hondepille, *charcoal & blits*, harebederf, deodorant, roll-on, handeroom, 'n inkleurboek met potlode en 'n lekker wasgoedskottel. Baie geluk aan Yvonne Smit, Luanné Bester se ouma, wat hierdie pakket gewen het! Alwico Lesch het Juffrou Jessie Groenewald gehelp met die trekking hiervan. Micayla Keogh was die kleuter met die meeste kaartjie verkope - sy het ook 'n prys gekry vir haar harde werk.



*Yvonne Smit en Luanné Bester.*



*Micayla Keogh en Juffrou Bokkie Myburgh.*



*Alwico Lesch en Jessie tydens die trekking.*

# Voortrekkers kyk terug ...

## *Racheltjie de Beer - kinderheld van 1843*

Die Voortrekkers gaan kyk Racheltjie de Beer.

Die voortrekkers het besluit om vir hul laaste Kommando-uitstappie vir die jaar, te gaan kyk na die verhaal van een van ons grootste kinderhelde, die dappere 12-jarige Racheltjie De Beer, wat in 1843 haar lewe gegee het om dié van haar broer te red, nadat hulle in 'n sneeu storm verdwaal het. Die kinders en ouers het dit vreeslik geniet al het daar 'n paar trane gerol.






# Vat hande vir Naspeurbaarheid


*Dr Pieter Vervoort*

Dr Pieter Vervoort was die Riemland Rooivleis studiegroep se spreker verlede Dinsdag op Heilbron. Sowat 50 veeboere van Heilbron en naburige dorpe het geluister na sy praaitjie wat gehandel oor die naspeurbaarheid in die Rooivleisbedryf. Hy het ook die probleem van bek-en-klouseer aangeraak.

Dr Vervoort noem dat hy die Nasionale Dieregesondheidsforum bedryf as sy passie. Die totale begroting beloop minder as R1m per jaar. Hy het voorheen vir 30 jaar hoofsaaklik in die varkboerdery-omgewing gewerk. Die varkboere het min staatsondersteuning gekry en dit het varkboere geleer om op hulself staat te maak. Ten spyte hiervan, is die RSA varkboere uiters suksesvol. Bio-sekuriteit is ongelooflik belangrik vir dié bedryf en besoekers aan plase moet stort, 'n oorpak en skoene kry om in die hokke te dra en weer stort wanneer hulle die plaas verlaat.

Die onlangse uitbraak van bek-en-klouseer in Limpopo wys daarop dat die siekte nie beheer word nie en dat die politici nie verantwoordelik gehou word nie. Die georganiseerde landbou-organisasies moet met die minister van Landbou praat. Ons is tans in die bevoorregte posisie dat beide die President en die minister van Landbou, landbouers goedgesind is.

**As ons na die feite oor landbou in die RSA kyk, kan ons die volgende sien:**

- Diereproduksie is die grootste sektor in Landbou
- Die meeste areas (~80%) in die RSA is slegs vir diereproduksie geskik
- Veeartseny dienste is krities om die gesondheidstatus te handhaaf

**Wat behoort ons te doen?**

- Harmoniseer alle produsente en skep markte
- Ons moet leer om saam te werk – kommersiële en kommunale boere het dieselfde behoeftes
- Kry die waardeketting om saam te werk
- Konsentreer op ooreenkomste, nie op verskille nie
- Bou voort op wat ons het, moenie vernietig wat daar is om ’n nuwe stelsel te bou nie

Socrates (Griekse wysgeer) het die volgende gesê:

The secret to change is to focus all of your energy, not on fighting the old, but building the future

**Wat moet ons saam doen?**

- Skep ’n ondersteunende omgewing vir boere
- Verbeter winsgewendheid
- Verbeter dieregesondheid deur die uitroei en beheer van siektes, vinnige reaksie op uitbrake, asook rapportering en monitor van siektes
- Verbeter voedselveiligheid (“Farm-to-Fork”)
- Verbeter dierewelsynstandaarde
- Skep waarde vir kommersiële diere
- Rekords van plaasbestuur, diere en werksaamhede is noodsaaklik om jou boerdery te bestuur

**Naspeurbaarheid**

Sonder Naspeurbaarheid in die Rooivleisbedryf, is die boere se diere eenvoudig minder werd.

Individuele lewendehawe Identifikasie (LITSA – livestock Identification) is noodsaaklik vir die volgene redes:

- Vir beheer van siektes
- Beheer bewegingsrisiko
- Teken transaksies aan
- Beheerde slagtings met hulp van vleisinspekteurs van DAFF
- Naspeurbaarheid van vleisproduksie tot by verbruiker is 'n voorvereiste vir verbruiker en uitvoere
- Ontsluit ware lewendehawe-waarde, want naspeurbaarheid verhoog waarde
- Ons kan so die sowat 6 miljoen beeste in kommunale areas in RSA monitor
- Oorplaatjies verhoog produksie met 10%
- Beheer alle onwettige invoer van diere

**Naspeurbaarheid het tot gevolg:**

- Vertroue tussen boer en verbruiker skep 'n mark vir slagdiere
- Vertroue tussen boere skep 'n mark vir teeldiere
- 70% van diere is nie geïdentifiseer nie – en dit bemoeilik die opspoor van diere
- Implementering van naspeurbaarheid gee geleentheid om beter pryse te beding
- Dit maak uitvoer van vleis makliker en dus kan beter pryse behaal word.

**Hoe sou die studiegroep en Heilbron-distrik naspeurbaarheid vorentoe kan neem?**

- Weet hoeveel diere is beskikbaar in die studiegroep-poel
- Registreer die diere
- Bevestig en verifieer die BM-status (besmetlike misgeboorte) asook tuberkulose-status
- Ent alle verse (4-8 maande) met Onderstepoort S19-entstof (tans, gebaseer op S19-entstofverkope, word slegs 17% verse geënt). Ouer diere kan met RB51 gespuit word.
- Moedig bure aan om dieselfde te doen, dit kan sodoende die distrik kry om eers te ent en daarna te toets vir siektes (BM en tuberkulose).

# Peste en plae in en om jou tuin

## *Huis- en Tuinbouklub se jaarlikse Kersafsluiting*

Woensdag, 13 November 2019, het Heilbron Huis- en Tuinbouklub hulle jaarlikse Kersafsluiting gehou by Leeuwpoort Venue.

Henk Terblanche was die spreker vir die dag en het die dames ingelig oor 'n paar peste en plae. Hy bekleë die insektekunde-portefeulje van 'n Japanese firma, waar hy ook betrokke was by die malaria-beheer in Afrika, die beheer van muggies in die Oranjerivier-omgewing, die help met die sprinkaanbeheer in die Karoo, landbou-chemie en ook snywurms wat 'n groot probleem is tydens droogte. Hy het 'n paar plantsiektes met die tuinboulede gedeel en raad gegee daaroor.

- Anthracnose is wanneer daar bruin en geel kolle op die blare – daarvoor kan mens Verikop spuit.
- Swart-vlek is 'n groot probleem in die sitrusbedryf maar kom ook voor by rosebome. Verwyder roosblare wat op die grond lê met swart vlekke op, anders word die swartvlek na die volgende jaar oorgedra. Spuit Funginex om swart-vlek te beheer.
- Verwelksiektes. Dit is wanneer jy besig is om saad te kiem en die volgende dag is daar niks of dit lê pap. Verikop bevat koper en is 'n goeie swam en bakteriese middel wat 'n wye spektrum bevat om verwelksiektes te voorkom.
- Roes is lief vir die grasagtige plante en gee bruin kolletjies op blare - Funginest kan gespuit word. Gifstowwe moet egter afgewissel word anders word luise bestand daarteen.

Henk vertel ook van bekende peste soos nagmotte, waarvan daar 1700 verskillende spesies in Afrika voorkom. Dit sluit in die bolwurm, komandowurm, stronkboorders en snywurms – almal vorm deel van dieselfde familie. Hulle word nie uitgeken aan die wurm nie maar aan die mot. 85% van diere is insekte waarvan 1.5 miljoen al beskryf is. Ses spesies per dag verdwyn as gevolg van woude wat uitgewis word, min reën en ander faktore. Die mens self is verantwoordelik vir hierdie uitwissing maar met vandag se moderne chemie is dit baie veilig en word gifstowwe vinnig afgebreek. Moderne gifstowwe is nie 'n oorsaak van uitwissing nie. Ander intressante feite wat hy gedeel het gaan oor huisvlieë. Die nageslag van 1 vlieg sal teoreties in 6 maande 5 598 720 000 000 wees. Omdat winde so sterk waai by Marion-eiland, was daar vlieë met kleiner vlerkies. Dié met kleiner vlerkies het nie weggewaai in die see in nie, maar die met groot vlerke is weg en kon dus nie aanteel nie. Die vlieë met kleiner vlerke het onder mekaar ingeteel totdat die met die kleinste vlerkies oorleef het en daarom sit Marion-eiland vandag met vlieë sonder vlerke. Die gaste is verder vermaak deur Surene Strydom en Cemon Snyman wat van Luha se vooraad gebuik het om te demonstreer hoe 'n kerstafel gedek kan word met gewone huisware. Maak gebruik van items met naastenby dieselfde kleure en dek 'n tafel rondom dit. Plastiese blomme is baie gewild, oulik en hou lank. Shweshwe lap, wat vir tradisionele Suid-Afrikaanse klere gebruik word, is die “in-ding” om mee te dek.

Sit klein fotoraampies met foto’s van familielede voor elke gas. Gee 'n persoonlike geskenke vir gaste: soos vir iemand wat hou van lees – gee 'n opgerolde tydskrif. Weggooibare plekmatjies is ook baie gewild en kan gelamineer word indien jy dit oor en oor wil gebruik. Gerbuik die origes plekmatjies om geskenkies toe te draai as versiering op die tafel. 'n Glas koepel werk ideaal as jy hom omkeer en vol kersboomballe pak. Na 'n heerlike, intressante oggend is die dames bederf met 'n heerlike ete. Die nuwe bestuur vir 2020 is aangekondig en alle voorspoed word hul toegewens vir die termyn wat voorlê.


*Tradisionele kerstafel.*


*Op die foto voor: Marlize Swart, Surene Strydom (spreker), Cemon Snyman (spreker), Wilna Weilbach, Ina Lombard (uittredende bestuurslid) en Gerda Pieters. Agter: Carol Snyman (uittredende bestuurlid), Henk Terblanche (spreker), Georgina Weiss, Sannetjie Lombard (nuut-verkose bestuurslid) en Pia Pienaar (nuut-verkose bestuurslid – afwesig).*


Kersmark 29 & 30 November 2019

"Spring clean" daardie huis en motorhuis

Dis weer daardie tyd van die jaar wat almal inspring en huis skoonmaak. Items word uitgegooi - soms nog splinternuut. Nou waarom dan nie 'n paar rand daaruit maak nie? Moet dit nie op die ashoop gooi nie. Kry 'n tafel by ons Kersmark en kom verkoop daardie wit oilfante van jou. Dit kan dalk 'n vakansieprojek vir jou verveelde kinders wees. Laat hulle help skoonmaak en wat hulle op die Kersmark verkoop, kan hulle geld wees om Kersgeskenkies mee te koop.

**Ken jy iemand of weet jy van iemand wat oulike handgemaakte produkte het om te verkoop? Whatsapp asb hulle telefoonnommer vir Magda van der Merwe by 083 624 9448 – sy sal hulle kontak.**

**Waar is die Kersmark?**

Die kersmark gaan in die tuin van NG Kerk Heilbron-Suid wees. Daar is ook beperkte ruimte vir uitstallers in die kerksaal.

**GESOEK**

Iemand wat uit die goedheid van sy hart vir ons tydens die twee dae kan musiek maak.

WIE KONTAK EK?
Die skenk van kleinkoekies of help bak:
Wilmien Naudé - 066 231 5313

**KOSTE VAN 'N STALLETJIE**
- R100 vir 'n staanplek in die tuin of R200 vir 'n staanplek in die kerksaal.

**KLEINKOEKIES**

Ons kerk gaan kleinkoekies by die Kersmark verkoop. Ons vra asb of daar flukse dames is wat sal kom help bak en brou. Of as jy asseblief 'n kilogram of twee se koekies wil skenk, sal ons baie dankbaar wees.

**TAFELS EN STOELE TE HUUR**

Nie lus om tafels en stoele aan te ry nie? Uitstallers kan tafels en stoele huur by die kerk vir hulle stalletjie. 'n Tafel kan gehuur word teen R20 en 'n stoel teen R10.

**KERSINKOPIES**

Al het jy self niks om te verkoop nie, gaan hierdie die ideale geleentheid wees om jou kersinkopies te kom doen. Daar gaan iets wees vir elke lid van die gesin – selfs vir die hond en die kat.

**DEMONSTRASIES**

Kom maak saam kersgeskenkies vir jou vriendinne en vriende. Jolande gaan jou leer om jou eie kerskoekies met glans versiersuiker te versier. Elza gaan jou leer om ’n macramé-sleutelhouer te maak.

**UITSTALLERS**

Mens soek altyd ’n geleentheid om van daardie handgemaakte artikels ontslae te raak. Kom huur ’n stalletjie by die Kersmark en verkoop daardie tuisgemaakte seep/bedsokkies/kerse/poprokkies ens. Indien jy nie genoeg artikels het om jou eie stalletjie te hê nie, kan jy onder die enkel-artikels verkoop by die kerk se stalletjie.
Die kerk neem 10% van die koopprys.
Enkel-verkopings: Dawn Wessels - 082 487 1162

Herald Sport

# Gerrie vat voor by Gholf

Dié wat uitgemis het op Saterdag se vertoning van Micheal Scholz tydens die Heilbron Gholfklub se Prestige-dag, kan spyt wees. Hy het 'n uitstekende vertoning gelewer van wát alles met 'n gholfstok- en bal gedoen kan word. Die "jojo" van die joggies was 'n duidelike teken dat die man besonders is. Daar is 'n video-greep op die klub se facebookblad geplaas waar hy op Jackie Leonard se rug staan en 'n dryf slaan. Die dag was vol ander verassings ook. Niklaas van der Walt wen die prestige-beker met 43 punte, sewe beter as sy voorgee. Die arme Ds. van Schalkwyk moes ongelukkig teen hom speel in die putjiespel toe hy op top vorm was.

Woensdag is die jaarvergadering gehou en Gerrie Muller is tot president verkies. John Watson het tydens sy Presidentsverslag sy kommer uitgespreek oor getalle van lede wat kwyn op die platteland en dat ons gholf meer bekostigbaar moet probeer maak. Dit klub se finansies is weer gesond nadat dit vir 'n paar jaar broekskeur gegaan het. Die nuwe komitee skop die nuwe termyn af met 'n kerspartytjie wat op 30 November aangebied word. Môre is dit gewone spel vanaf 12:00.



*Niklaas van der Walt ontvang die trofee vir die beste telling tydens die Prestige-dag 2019 van Micheal Scholz.*



*Die nuwe bestuur wat sake by die gholf moet beheer vl: Willie Pretorius, RJ Muller (add lid), Naomi Burmeister (Sekretaris), Gerrie Muller (President), Eben Stander (onder Kaptein) Pieter van Staden (Tesourier) en Jackie Leonard (vise-President). Afwesig: Willem Loots (add lid).*

# Irfan "Man of the Match"

**• *Peter Baan***

Heilbron teken 326 lopies aan vir 6 paaltjies in 35 beurte.

Vanderbijlpark kon slegs 65 lopies aanteken te danke aan boulwerk deur Theuns Botha met 4 paaltjies en Irfan Arshad met 3 paaltjies.

Heilbron wen die wedstryd met 261 lopies.

Irfan Arshad is ons man van die wedstryd met 'n uitstekende 133 lopies en 3 paaltjies.

Lopies ook aangeteken: Wikus van Wyk (56), Kamran Arshad (40), Paul Bester (29).

Volgende wedstryd is Saterdag teen Sasolburg om 13:00 by Hoërskool Heilbron.

Kom ondersteun die klub gerus. Almal welkom.



# Heilbron "Martial Arts"-leerders presteer



*Die volgende leerlinge van Heilbron Martial Arts het van Geeltip na Geelbelt gegradeer. Op die foto voor vl: Bea Binneman, Riekert Marx, Annebelle Bester, Yonuscha Prinsloo, Chrizette Greef en Shandi Prinsloo. Agter vl: Sabum Theo Binneman, Gerhard Engelbrecht, Chanelle Engelbrecht, Taylor Fereira en Sabum Yolandi Prinsloo.*



*Die volgende leerlinge het van Witbelt na Geeltip gegradeer. Op die foto voor: Antoonie Mouton. Middel vl: Chane Mouton, Chezelle Fereira, Hester Hendriks en Rudi Swanepoel. Agter vl: Sabum Theo Binneman, Carlo Swanepoel, Justine van Dyk en Sabum Yolandi Prinsloo.*

Heilbron Herald
Wens jou kliënte 'n Geseënde Kersfees en voorspoedige 2020 toe met ons spesiale Kerskoerant op 13 Desember
Stel almal in kennis van besigheidsure en/of sluitingsdatums oor die feesgety
Besprekings sluit 6 Desember
Kostes: Volblad - R 6356, Halfblad - R3328
Kwartblad - R1694, 100x131mm - R1564
100x96mm - R593
100x65mm - R411
50x65mm - R218

Heilbron • Edenville • Frankfort

Hugo Groenewald
082 569 7205
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!
www.vleissentraal.co.za
Vleissentraal
JJ Hadebestraat 97, Frankfort, 9830
Sel: 082 569 7205
Kantoor: 058 813 1067

BKB Louwid NOORD
Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

MAANDAG - 25 NOVEMBER 2019
BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443

DINSDAG - 26 NOVEMBER 2019
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Rudy van der Westhuizen 079 418 4289
VEREENIGING Weeklikse veiling.
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088
STEYNSRUS : CHRIS SWANEPOEL SOMER PRODUKSIEVEILING
275 Bonsmara beeste & 1750 Dohne Merino skape
11:00, Pandam, Steynsrus
Kontak Wilbur Meyer 082 349 3189

WOENSDAG - 27 NOVEMBER 2019
MEMEL Maandelikse veiling
Kontak Lukas Steenkamp 067 404 0690

DONDERDAG - 28 NOVEMBER 2019
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Marco 079 493 9755
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
BETHAL : FREDDIE VIVIERS & SP SMITH
Uitverkoping van 994 Dormers
11:00, Rietfontein, Bethal
Kontak Erik Heymans 083 264 5177

VRYDAG - 29 NOVEMBER 2019
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Erik Heymans 083 264 5177
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956
VILLIERS : CHRIS COETZEE
435 Ongelooflike rooi aanteelbeeste
11:00, Vaalvlei, Villiers
Kontak Gert Burger 082 822 1952

SATERDAG - 30 NOVEMBER 2019
KINROSS : JOHAN ROARTY ILE DE FRANCE STOET
150 Top skape - uitverkoping
11:00, Kromdraai, Kinross
Kontak Erik Heymans 083 264 5177

www.bkb.co.za
BKB Louwid NOORD 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkblouwid.co.za